LIEF EN LEED

Voorbidding

Saamgestel: Daan Killian

Soos gewoonlik bring ons die name van mense wat siek is of swaarkry onder u aandag. Vanweë die lang tydsverloop vanaf die einde November, mag name uitgeval het. Daarvoor vra ons by voorbaat om verskoning. Hier volg die name vir u voorbidding:

- Mottie Botha van Rusoord wat steeds worstel met beenkanker.
- Juriana en Pierre Muller wie se seun in die hospitaal was. 'n Familielied van hulle is ook oorlede.
- Sus Quadling van Protea wat ook behandeling kry vir kanker.
- Sus Boshoff se dogter wat medies ongeskik verklaar is vir werk.
- Bert Steyn wat net met behulp van 'n loopraam oor die weg kan kom. Bid ook vir Marna wat baie las het van haar rug.
- Helene Mouton wie se linkerhand nog dom is na beroerte.
- Bid steeds vir Louise Human en Dup du Plessis in hul stryd teen kanker.
- Marie Pistorius wat sukkel om te loop. Haar man, Thys, het nou vir haar 'n shoprider aangeskaf.
- Chrissie Naude, Werner Klerck, Tiny Krige en Callie Krynauw wat almal makulêre degenerasie in verskillende grade het.
- Chris Calitz wat in en uit die hospitaal was met bloedarmoede.
- Henoch Schoeman wat 'n rugoperasie moet ondergaan.
- Connie Schaefer wat lewerprobleme het en allerlei toetse moet ondergaan.
- Lilian Strydom wat nierprobleme en hoë bloeddruk het.
- Bid asb ook vir die verswakte bejaardes in Rusoord.

Daar was sedert einde November ook 'n aantal **sterftes en begrafnisse**:-

- Tony Bird wat na 'n lang stryd teen kanker gesterf het.
- Lien Bouwer van Rusoord wat vroeg in Desember gesterf het.
- Petra Krugell wat op 15 Desember oorlede is. Ons dink aan Kobus en die kinders.
- Elsabe Louw van La Vie wat kort voor Kersfees oorlede is.
- Anton Bekker wat na 'n lang stryd teen kanker vroeg in Desember oorlede is. Ons dink in besonder aan Julia, Anel, Gerhard en Lian.
- Renie du Plessis wat op 20 Januarie oorlede is en op 26 Januarie begrawe is.

By al die leed was daar darem ook **vreugde** in die gemeente:-

- Op 17 Desember het Vernich en Tanya Smith hul tweeling laat doop. Baie geluk aan hulle en die grootouers aan beide kante.
- Graag wens ons ook al die matrikulante wat geslaag het, van harte geluk en wens hule seën en voorspoed toe vir die toekoms.
- Peter Nagel het 'n senior lektorspos in Nuwe Testament aan die Universiteit van Stellenbosch aanvaar. Ons bid hul familie die seën van die Here toe vir die utdagings wat dit vir hulle inhou. ☼

GROBBELAARS
BEGRAFNISDIENSTE
FUNERAL SERVICES
REG NR.: 1987/014692/07

By Grobbelaars Begrafnisdienste weet ons hoe belangrik dit is om vooruitbeplanning te doen, daarom het ons 'n Persoonlike Beskermingsgids saamgestel om hierdie moeilike taak te kan verrig. Wat bevat hierdie Persoonlik Gids, wat volgens u behoeftes aangepas kan word?:

Persoonlike inligting , Begrafnisdiens Instruksies, Gedenksteen inligting, Kinders, Instansies om in kennis te stel, Polis inligting, Mense om in kennis te stel, Bank Besonderhede, Eiendom, Mediese Geskiedenis, Historiese inligting, Boedel inligting, Testament, Persoonlike Eiendom , Voorraadlys, Spesiale instruksies en inligting, Dokumente en Inligting om 'n boedel aan te meld.

Hierdie Gids is gratis. Indien u belang stel in een van ons gidse kan u met u kerkkantoor kontak maak.

helplift NETWORK

In geval van nood of 'n dringende behoefte, skakel die kerkkantoor (Sue) om te registreer op die **HELPLIFT** netwerk van ons gemeente. Indien u hulp in enige vorm kan aanbied (professionele diens, vervoer van ons seniors wat nie meer self kan bestuur nie ens.) kontak die kerkkantoor om op die **HELPLIFT** netwerk van ons gemeente te registreer.
Kerkkantoor tel: 012 664 6695

Die Kandelaar

JAARGANG: **January 2018** **Nuusbrief van die NG Kerk Lyttelton-Noord**

INHOUD

Evangelisasie

Jesus bring lig in 'n donker tyd - en ek moet ook! p. 2&3

'n Nuwe begin. p. 2

500 Jaar na Kerkhervorming p. 3

Sending nuus

Evangelisasie VGK in Suider-Afrika
- Kerknuus p. 4
- Ons neem afskeid van 2017 p. 4
- Die onafhanklike kerke in Afrika p. 4
- Bybels p. 5

Geopende Deure p. 5

Gemeenskapsnuus

Hulle is die gewete wat jy nie eintlik wil hê nie p. 10

Centurion persoon van 2-17: nominasie p. 10

Dankie aan volgende mense vir hule bydrae:
Daan en Jansie Killian
Betsie de Wet
Ds. Gideon du Toit

Getuienis

God praat met my p. 6-8

Bybelstudie

Les 1: Deel 1 p. 9
Die Bybel : 'n boek vir vandag

Sosiale nuus

Kerssangdiens p. 11

Lief en Leed

Voorbidding p. 12



Lyttelton-Noord
Nederduitse Gereformeerde Gemeente

Dankie vir bereidheid om taalversorging te doen, alhoewel dit tyd my ingehaal het:
Chris Calitz
Nuusbrief is saamgestel deur:
Kimre Meintjes

www.omgeekerk.co.za
kerkkantoor@omgeekerk.co.za

EVANGELISASIE

Jesus bring lig in ‘n donker tyd—en ek moet ook!

Skrywer: Ds Gideon Du Toit



Jesus is gebore in ‘n donker tyd, Keiser Augustus aan bewind in die Romeinse Ryk en die jakkals Herodus as die sogenaamde Koning van die Jode. Die Jode het hom natuurlik nie aanvaar nie omdat hy nie uit die nageslag van Dawid kom nie. Hy het egter met die Romeine gekonkel om deur hulle aangestel te word en hy het dit inderdaad reggekry. Ons almal ken die geboorteverhaal van Jesus in byna romantiese beskrywings van wyse manne, herders en engele wat sing. Herodes het met sy magsmisbruik ‘n donker wolk laat hang oor die kersverhaal met die opdrag dat die seuntjies onder twee doodgemaak moes word. Die mooi geboortetoneel word wreed opgeskort met ‘n vlug na Egipte. Herodes is gebore uit die geslag van Esau en Jesus sou dan van Jakob afstam. Dit vertel die tragiese verhaal dat die onmin tussen broers geslagte later steeds dieselfde negatiewe uitwerking het. Ons kan amper sê dat die slegte verhoudinge tussen die Jode en Palestyne ook die gevolg is van twee broers, Ishmael en Isak, broers met dieselfde vader wie se paaie as gevolg van baie faktore uiteengeloop het.

Die Skrif gee vir ons ‘n beoordeling oor die konings van Israel, met reëlmaat word gesê
“Hy het nie gedoen wat reg is in die oë van die Here nie, of, Hy het gedoen wat reg is in die oë van die Here.” So vertel Jesaja 7,8 en 9 vir ons van koning Agas, wat eerder hulp in die suide wou soek toe daar ‘n bedreiging uit die Noorde kom. Hy het egter nie hulp by die Here gesoek nie, selfs skynhelig ‘n teken

(gaan aan op p3)

‘n Nuwe Begin

LEES: Spr. 24:13-18: "Al val die regverdige ook hoeveel keer, hy staan weer op" (vs 16)

Bron: Internet
Skrywer: Fanie Colyn

Robert J. Morgan het eenkeer gepreek oor die geleentheid en die genade van 'n nuwe begin. Sy woorde: "The first person to invent the wheel only discovered what God had already designed, for the Lord created things in circles." Die sterre en planete is rond en beweeg in sirkelbane. Die natuurlewe beweeg in siklusse. Na elke honderd jaar het ons 'n nuwe eeu. Na elke 365 dae het ons 'n nuwe jaar. Na elke 24 ure het ons 'n nuwe dag. Na elke 60 minute het ons 'n nuwe uur. Na elke nag het ons 'n nuwe dag en na elke winter het ons 'n nuwe lente. "God created the potential for new beginnings into the very design of our universe.”

Dan noem Morgan voorbeelde van die behoefte aan 'n nuwe begin in mense se lewens, soos ons dit in die Skrif lees. Abraham het 'n nuwe begin nodig gehad na hy in Egipte gesê het sy vrou Sara, is sy suster en Farao hom weggejaag het. Jakob, na hy sy blinde vader, Isak, bedrieg het. Moses, na hy die Egiptenaar doodgeslaan het. Dawid, na sy owerspel met Batseba. Elia, na sy emosionele ineenstorting onder die besembos in die woestyn. Jona, na hy sy opdrag om in Ninevé te gaan preek probeer ontvlug het. Petrus na hy Jesus drie keer verloën het.
Het jy al iewers in 2017 misluk? God bied ons die moontlikheid van 'n nuwe begin – nie net aan die begin van 'n jaartal
nie, maar ‘n nuwe begin met lewe. Met so 'n nuwe begin staan ons ook nie alleen of durf dit in eie krag aan nie. God nooi ons om saam met Hom 'n nuwe begin te maak. In Hosea se prediking belowe die Here om dit te doen: "Keer terug na die Here jou God, Israel, want jy het geval deur jou sonde. Bely jou sonde en kom terug..." Dan belowe die Here: "'Ek sal hulle ontrou genees. Ek sal hulle van harte liefhê...Ek sal vir Israel wees soos die dou...hy sal bloei soos 'n lelie en hulle sal so vas staan soos die Libanon...' Wie wysheid het, sal op hierdie woorde ag slaan. Wie verstandig is, sal dit ter harte neem, want wat die Here doen, is reg" (Hos. 14:2-10).

Gebed: Here, vandag kom maak ek by U ‘n nuwe begin. ☼

SOSIALE NUUS

KERSSANGDIENS

Bron: Jansie Killian

Op 3 Desember het die gemeente die voorreg gehad om weer ‘n keer te luister na Tannie Dollie se Jubilate Koor.

Baie dankie aan almal wat vir die geleentheid ‘n bydrae gemaak het – veral Helene Pretorius en Essie Zeelie wat die kerk so mooi versier het.

En wat ‘n fees was dit nie! Die koor het pragtig gesing en die liturgiese ruimte is in ‘n blomtuin omgetower. Die liturgiese ruimte is ook benut om ‘n treffende voorstelling te maak van die bekende Kersgebeure.
Daarna het almal tee en verversings geniet. ☼

Aan die einde van November het die Omgee-Vroue weer vir ons ‘n heerlike ete aangebeid. Daar was koue vleis en slaaie wat die dames gebring het en die ete is afgerond met roomys en sjokoladesous. Dit was ‘n heerlike saamkuier om die kerkjaar mee af te sluit. Ons maak weer so op 28 Januarie wanneer ons hoender gaan bedien wat Fred en Anita Scheepers vir ons op die kole gaan braai. ☼

Oudergewoonte is daar weer kersoggend kersgeskenke wat vooraf by ons huis gepak is, uitgedeel aan elke inwoner in Rusoord. Al die verpleegpersoneel wat aan diens was, het elkeen ook ‘n geskenk gekry. Baie, baie dankie aan elkeen wat vir ons dit moontlik gemaak het om die geskenke te koop deur ons finansieel te ondersteun, maar ‘n besondere woord van dank aan Fransina wat soveel bygedra het om die geskenke spesiaal te maak. Ook aan elkeen wat die oggend by Rusoord self gehelp het, baie dankie ☼

GEMEENSKAPS NUUS

Hulle is die gewete wat jy nie eintlik wil hệ nie

Bron: *Beeld*
Skrywer: *Dana Snyman*
Datum: *21 Dec 2017*

Hulle is oral. Jy sal iewers uit jou motor klim of op die sypaadjie stap, dan sal een nader kom met ‘n “Het meneer nie vir my daar ‘n paar los sente nie? Net ‘n tweerandjie, my lanie.”
Soms is dit ‘n man, soms ‘n vrou, soms ‘n kind. Soms gee jy hulle iets, slegs om van hulle onslae te raak. Jy is moeg vir hulle.
Ander kere probeer jy maak of jy hulle nie sien nie. Jy stap net aan en kyk die verte in, en dink: Loop net, loop. Los my uit. Maar dit werk nie altyd nie.
Party kom roep by jou tuinhekkie of kom klop aan jou deur: “Kan ek meneer se kar was? Ons kry swaar.”
En wanneer hy jou motor klaar gewas het en weg is, is jou donkerbril wat in die motor was ook weg. En dan dink jy: Nooit weer nie.
Maar jy kry hulle nie afgeskud nie.
Sommige agtervolg jou, skaamteloos agtervolg hulle jou, tot waar jy in jou binnekamer na die nuus or die TV sit en kyk: Vyf dood in brand in township. Honderde dakloos gelaat. Stuur komberse. Stuur klere.
Party se vermetelheid ken geen perke nie. Een sal jou sommer in die straat voor die drankwinkel voorkeer: “Ek wil net ‘n broodjie koop, meneer.”
Dan gee jy dalk maar weer ‘n paar muntstukke, want jy is self nie op pad om ‘n broodjie te gaan koop nie.
Hulle treiter jou met hul stories:” Eintlik is ek a qualified boilermaker, meneer. Ek het my pampiere. Maat toe sluit die myn mos, nou sit ek en die vrou en die twee kleintjies op straat…”
Miskien het dit iets met trots te doen, maar die vroue vra selde reguit vir geld.
Sy kom staan voor jou met haar gebarste lippe en kyk jou nie in die oe nie en probeer haarself sag in jou beursie praat.
“Ek was ‘n lugwaardin, met my eie glat… toe gang rapehulle my…. Nou sit ek in die karavaan….”
En het sy ‘n baba, is daardie vir koeimelk of die kind is met

baba omtrent altyd allergies ‘n lekhart gebore.
Party se stories glo jy glad nie.
Ander se stories verkies jy om nie te glo nie. Hulle is die gewete wat jy nie wil he nie, die vraag wat jy nie wil beantwoord nie.
Soms, veral hier is die Kerstyd, wonder jy: Se nou een aand is daar ‘n klop aan jou deur.
Jy gaan maak oop en daar staan ‘n man en vrou onder jou stoeplig. Die vrou is verwagtend. Die man is heelwat ouer as sy. Nie een van die twee dra ‘n trouring nie.
“Ons vra slaapplek meneer,” se die man. Ons kom van ver af. Ek kan werk. Ek’s ‘n carpenter. Ons het rondgevra, maar die hotel en al die gastehuise is vol…” ☼

Centurion Persoon van 2017 nominasie — Ina Strijdom

Bron: *Centurion Rekord (artikel verkort)*
Skrywer: *Jason Milford*
Datum: *24 Oct 2017*

Vir baie Centurion-inwoners het dit nie as ’n verrassing gekom toe wyksraadslid Ina Strijdom as Centurion se Persoon van die Jaar genomineer was nie.
Strijdom is bekend daarvoor dat sy munisipale kwessies asook ander kwessies in die in die gemeenskap takel.
gemeenskap takel.
“Die afgelope jaar was moeiliker as vorige jare. Daar is soveel dinge wat vervalle geraak het van die vorige 20 jaar wat nou aandag moet geniet. As DA het ons ‘n bankrot metro oorgeneem en ek verstaan dat alles nie onmiddellik kan gebeur nie,” het Strijdom gesê.
Strijdom sê sy bly egter opti misties en kan sien projekte is stelselmatig besig om reg te kom.
“*Met al die uitdagings, is ek gelukkig met die besluite wat ek tot dusver geneem het. Ek het op my geïntegreerde ontwikkelingsplan versoek dat oorblywende koperkabels in Valhalla met bondelkabels vervang word in ‘n poging om kabeldiefstal te voorkom.”*
Dié raadslid spog ook met ’n klein oorwinning wat gelei het tot die installering van twee hoëmasligte in misdaadgeteisterde gebiede. ☼

EVANGELISASIE

(*Volg na p2)* van die Here geweier.
Die kind wat as teken gegee is, was waarskynlik Hiskia, hy het soos ‘n skoon venster geleef want deur sy dade kon die volk vir God sien. Vir die volk het daar ‘n lig begin skyn toe hy koning geword het.
Jesaja 40 is ‘n pragtige hoofstuk (lees dit gerus) waarin uitkoms uitgeroep word. Die volk is nou in ballingskap en die mense word die hoop gegee dat daardie slegte tyd sal eindig en dat God weer uitkoms sal gee. Met Jesus se geboorte kom daar weer ‘n koning wat lig bring. Hierdie keer word die koninkryk van die hemele gevestig, ‘n koninkryk wat nooit weer tot ‘n einde sal kom nie.
‘n Vrederyk waar mense vrede in hulle harte beleef, ‘n vrede wat nie deur aardse regeerders weggeneem kan word nie.
Kinders van die Here word opgeroep om lig te bring en so moet elkeen van ons sy deel doen. Klein liggies van vrede skyn reeds. So het prof Solms van Solms Delta sy wynplaas en kelder op ‘n nuwe manier begin bestuur deur vir die werkers aandele te gee in die plaas.
Hy het onlangs in ‘n toespraak sy konstruktiewe rol in hierdie stadium van ons landsgeskiedenis bevestig. “Moenie wegskram om die feite in die oë te kyk nie, die geskiedenis is ‘n werklikheid. Dink klein en begin iets doen, moet ook nie verwag iemand anders moet dit doen nie, doen dit self. Moenie moed verloor nie, maar volhard”, het hy gesê.
Waar het die Here vir U geplaas om Sy lig te laat skyn?
Mag 2018 vir ons ‘n jaar vol lig wees! ☼

500 Jaar na Kerkhervorming

Bron: *Beeld*
Skrywer: *Yolanda Dreyer*
Datum: *25 Julie 2017*

Lewende God, vernuwe en verander ons.” Dit was die tema van die groot byeenkoms van Reformatoriese kerke uit die hele wêreld onlangs in Leipzig, Duitsland. Die Reformatoriese wêreld vier 500 jaar Hervorming: 1517-2017. 500 jaar gelede het Luther sy 95 stellings teen die misbruike in die kerk van sy tyd aan die kerkdeur in Wittenberg vasgespyker. Hy wou nie wegbreek en ’n nuwe beweging begin nie. Hy wou van binne-uit hervorm. Dat kerkmense insien waar hulle teen die evangelie van Jesus Christus ingaan. Maar die verkeerde raaksien, wil mense nie. Hoe dinge is, is gemaklik. Mag, posisie, bevoorregting pas hulle. Toe skeur die kerk 500 jaar gelede eerder as om te vernuwe en verander.
Vanjaar “vier” ons die skeuring: Reformasie 500 jaar, die begin van ons kerklike tradisie. Met die groot viering in Leipzig hoor ’n mens ’n noot van beskeidenheid, ook in die keuse van die tema: “Lewende God, vernuwe en verander ons.” Nou hier, want ons erken: ons het dit nodig. Ons viering gaan nie oor ons prestasies, alles wat ons vermag het nie. Inteendeel, ons bely: Soos ons hier staan, is ons ver van reg af. En ons bid: Maak ons reg en help ons regmaak, lewende God. Die Reformasie het ons verantwoording geleer, sê Najla Kassab van Libanon, die eerste vrouepresident van die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke. Daar staan sy, op Luther se kansel in Wittenberg, en haal hom aan: “’n Godsdiens wat niks gee nie, niks kos nie, nie ly nie, is niks werd nie….

(Kerkhervorming ….) ” Alle mense is waardevol in God se oë, ongeag hul kleur of geslag of ras of paspoort.
Doen ons verantwoording oor ons omgaan met mense – “in gedagtes, woorde en werke, soos die liturgiese formule dit uitdruk – kan ons net beskeie bid: “Lewende God, vernuwe en verander ons.” In hierdie jaar van Reformasie 500 reik kerke mekaar ’n hand van versoening. In die Lutherkerk in Wittenberg is op 5 Julie ’n gesamentlike verklaring onderteken deur die Reformatoriese, Rooms-Katolieke, Lutherse en Metodistekerk. ’n Tree tot heling ná 500 jaar se verdeeldheid onder die volgelinge van Jesus Christus. Vir die uittredende president, Jerry Pillay, is die verklaring simbolies van die pad wat ons behoort te loop: ’n weg van saam wees en saam doen eerder as stry, baklei, vervreem en verskeur. Oor die saak wat in die 16de eeu bitter stryd en skeuring veroorsaak het, naamlik oor hoe God die mens red, kan kerke nou saamstem. Die oor en weer slegsê van destyds is nie meer geldig nie. Die kerke dink vandag anders daaroor en is dit met mekaar eens. V “Vandag,” sê Kassab, “onderteken ons nie net ’n verklaring nie, ons bou saam kerk.” Vir die pous is dit ’n teken dat ons bereid is om saam te stap as broers en susters in Christus op die pad van konflik tot gemeenskap, van verdeeldheid tot versoening. Eenheid word beliggaam in ons gesamentlike verset teen onreg en uitsluiting, sê die Lutherse leier.
Hier staan ons, 500 jaar later. Ons bely ons geloof én ons onvolmaaktheid. En bly bid: “Lewende God, vernuwe en verander ons.” ☼

SENDINGNUUS

Sendingnuus saamgestel deur Betsie de Wet

Evangelisasie VGK in Suider–Afrika

Kerknuus: Op 5 November 2017 het die NGK Pretoria en die VGK "Melodi Ya Tshwane" hulle wens uitgespreek om te verenig. Tydens 'n gesamentlike diens waar die 500 jarige Reformasie van die kerk gedenk is met die tema "Standing where God stands" is 'n werksdokument onderteken waarin die proses uitgespel is.
Hierdie twee kerke kom al 'n lang pad saam, maar in 2016 het dié twee gemeentes se leraars byeengekom om die saak verder te voer. Dit is 'n groot stap in die geloof en hulle hoop om teen 31 Oktober 2020 'n verenigde kerk te wees.
Ds KC Mtshweni is op 7 Oktober 2017 te Mamelodi bevestig en ds Kgechanes op 28 Oktober 2017 te Malelane. Ds prof dr C Landman, aktuaris van die Noordelike Sinode, het na demissie 'n beroep aanvaar na Rustenburg-Karlien Park en Ds dr Winifred Motsei Moime is op 4 November 2017 te Lichtenburg-Wes bevestig.
Dibukeng, die VGK se boekwinkel is vanjaar 71 jaar oud en die personeel is dankbaar vir almal se ondersteuning.

Ons vra u voorbidding vir bogenoemde asook vir mev H Beukes wat skielik in die hospitaal opgeneem is. ☼

Ons neem afskeid van 2017

Ons neem afskeid van 2017, maar nie met neerhangende hoof nie. Nee, met lof, dank en met volle geloofsvertroue; "Ons het baie moed." Hierdie woorde van Paulus neem ons oor, as ons terug dink aan 2017. Ons is nie moedeloos nie, al tuur ons ook op wat verborge en donker is in die toekoms. Ons vertrou op God en soos Paulus sê: "ons wandel deur die geloof." Die nuwe jaar met sy werk, die werk wat God ons gee, lê voor en ons gaan dit met lus en toegewydheid aanpak.
Sit 'n oomblik stil en dink aan u kleuterjare. Dis Kerstyd… die liggies vonkel, vrolike musiek speel en geskenke word oopgemaak. Dit wat jy graag wou hê word styf in jou handjies vasgehou.
Die wêreld is vol vreugde en iefde en dit is so lekker om 'n kind te wees. Kan ons ook nie as volwassenes weer soos kinders wees ni? Dit wat mooi en wonderlik is, sien ons raak en ons grootste hartseer is dalk net 'n stukkende knie.
God het sy enigste Seun na ons gestuur om vir ons sondes te sterf. Hy het geweet wat gaan gebeur en tog het Hy nie teruggestaan nie, want Hy is lief vir ons. In hierdie Christusfees vier ons nie die geskenke nie, maar Jesus wat gebore was, gesterf het vir ons en opgevaar het hemel toe om vir ons plek te gaan voorberei! Tel u seëninge daagliks, maak nie saakhoe klein hulle is nie. Gaan op u knieë en wees dankbaar vir alles wat u ontvang en nog sal ontvang. Word weer soos 'n kind vol vreugde oor môre en die res van u dae, wees net gelukkig soos u die nuwe jaar betree.

Toe die volheid van die tyd daar was, is die Kind, die **Vredevors**, gebore en het die herders die engelelied gehoor: "Vrede op aarde." So is met sy geboorte vrede aan die mens aangekondig. En aan die einde van sy lewe is dit nog vrede. In die nag voor sy dood het Hy vir sy dissipels gesê: "Vrede laat Ek julle na, My vrede gee Ek julle." Hy het vrede bewerk tussen God en mens: tussen mens en mens. Hy is ons vrede en dit is ons wens aan u almal gedurende hierdie Christusfees: "**Vrede**!" ☼

Die onafhanklike kerke in Afrika (vervolg)

Eskatologie: Daar is 'n sterk neiging tot 'n gerealiseerde eskatologie in die Onafhanklike Kerke. Die oorwinning van Christus word ervaar in die genesing van siektes en in die vrede en liefde in die kerk. Dit word daarop gewys dat hierdie mense in die algemeen nie veel van 'n toekomsverwagting het nie. In die teologie van dié mense vind ons dan dat alles sinloos word wat nie in die hede gesien en beleef kan word nie. Daarom vind ons ook dat 'n "Moria" of "Zion" gehou word as die stad van die verwagting, maar dan 'n verwagting wat gerealiseer is.
'n Wesenlike gevaar is natuurlik dat die verwagtings wat gekoester word, net in terme van die materiële gesien word, soos genesing en voorspoed. Verlossing en versoening met God kan op die agtergrond geskuif word, terwyl die klem op geestelike en sosiale leiding en die bevryding van die liggaamlike val. In so 'n geval sal daar niks oorbly om op te hoop indien daar verlossing van menslike ellende sou kom nie. *(Vervolg)* ☼

BYBELSTUDIE

LES 1: Die Bybel : 'n boek vir vandag!

Bron: http://www.wvm.co.za/bybelstudiekursus

LES 1 : INHOUD

Deel 1: Die Bybel: 'n boek vir vandag

Deel 2: Verteenwoordig die Bybel eenvoudig net die mens se soektog na God?

Deel 3: Is die ou testament nog van toepassing?

Deel 4: Die inligtingsboek

DEEL 1:

Baie mense dink die Bybel is net 'n ou boek wat praat oor dinge wat lank gelede gebeur het met mense wat lank gelede geleef het. Hoe is die Bybel van toepassing op ons moderne wêreld aan die begin van 'n nuwe eeu? Is dit moontlik dat die Bybel praat oor toestande in ons tyd?

DIE INDELING VAN DIE BYBEL

Die geïnspireerde volgorde van die Bybelboeke is nog in die Hebreeuse en Griekse manuskripte bewaar. Die volgorde in ons moderne vertalings is egter ver-ander en die goddelike patroon van indeling is dus nie so duidelik sigbaar daarin nie.

Die Ou Testament bestaan uit drie dele en die Nuwe Testament uit vier. Dit maak 'n totaal van sewe – die nommer wat God dwarsdeur die Skrif gebruik om volledigheid en volmaaktheid aan te dui. Die Jode het in die ou tyd die boeke van die Ou Testament getel as 22. As dié 22 boeke by die 27 van die Nuwe Testament gevoeg is, is dit 'n totaal van 49 – sewe maal sewe. Die indeling van hierdie merkwaardige Boek getuig duidelik van God se hand daarin.

Jesus Christus was die grootste nuusberiggewer van alle tyd! In plaas van net oor gister se nuus te praat soos gewone nuusberiggewers, het Hy môre se nuus vooruit aan-gekondig. Hy het die wêreldtoestande in die jare net voor Sy wederkoms beskryf. Dit is wan-neer Hy gaan terugkom na hierdie aarde om die Koninkryk van God te kom vestig. Die Bybel is baie meer as

1. Is daar ooit aan Daniël gesê dat sy geskrifte nie vir sý dag bedoel was nie, maar geseël sou bly tot die eindtyd toe?	Daniël 12:9
2. Wie, in die eindtyd, sou verstaan wat Daniël geskryf het?	Daniël 12:10
3. Wat sê Salomo vir ons is die beginsel (of beginpunt) van die wysheid?	Spreuke 9:10
4. Slaan na vir die Bybelse ver-duideliking van "die vrees van die Here". (Nota: Die woord "vrees" in hierdie konteks verwys hoofsaaklik na ontsag, nie bangheid nie.)	Spreuke 8:13; 15:33 en 16:6
5. Lees die belangrike sleutel tot die begrip van God se Woord in die gegewe teksverse. Wat is dit?	Psalm 119:98, 104 en 166
6. Het Christus se dissipels Hom ooit uit-gevra oor "die einde van die wêreld?"(Nota: Die Griek-se woord wat hier as "wêreld" weergegee word, kan ook as "eeu" of "tyd-perk" vertaal word. Daar is ook twee ander woorde wat in die Nuwe Testa-ment as "wêreld" vertaal word: kosmos, wat na die samelewing verwys en oikoumene, wat na die aardbol verwys.)	Mattheus 24:3.
7. Ken God die toekoms? Openbaar Hy daardie kennis in Sy Woord?	Jesaja 46:9-11
8. Wou Christus hê Sy dienaars moes weet wanneer Sy wederkoms na hierdie aarde naby is?	Mattheus 24: 32-33.
9. Het die apostel Paulus verwag dat die Dag van die Here ware Christene on-verhoeds sou betrap soos "'n dief in die nag", of sou hulle toegang hê tot inligting wat hulle in staat sou stel om die algemene tye waarin hulle lewe, te verstaan en nie heeltemal verras te wees daardeur nie?	1 Thessalonicense 5:1-5, veral vers 4.
10. Wat van die presiese tyd? Is dit iets wat God alleen sal weet?	Mattheus 24:36.

GETUIENIS

hierdie ervaring, ek het die beroep gekies. Dit is deel van die lewe en toe ek die aand voor kerk vir ‘n vriend die storie vertel toe het hy sy kop skeef gehou soos hy luister en gesê: “Sjoe, mens sal nooit God se wil verstaan nie kom ons gaan kerk toe.” Ek was natuurlik so vies oor sy antwoord en my situasie, ek kon myself emosioneel van die ervaring distansieer. Was dit wat ek moes hoor?

Is daar ‘n draaipunt in hierdie storie. VERSEKER! Dit is net so ongelooflik, dat ek die hele prentjie moes skets. Kort na my maand in onkologie, word ek in die mans sjirurgiese saal geplaas. Ek dink nie op hierdie stadium hoef ek aan enige iemand my hart te skets nie. Die eenheidsbestuurder het ‘n tradisie gehad dat elke oggend as ons oorgeneem het van nagstaf, dan kom ons bymekaar en hou oggend godsdiens. Soos ‘n outomaat het ek deelgeneem aan die tradisie.

Elke oggend het ‘n man, Mr Radebe, uit sy bed geklim, een van die harde houtbankies nader gesleep en saam oggend godsdiens gehou. In my besige dae het ek opgelet hoe vrolik hy is, hy het ander pasiënte gehelp en was reg met ‘n glimlag in elke situasie. Met die tyd het ek geleer, Mr Radebe, jongerige man van so 30, het ‘n kondisie wat ek nie toe of nou verstaan nie, hy was in hospitaal vir behandeling, maar die oplossing was nie naby en die uiteinde was ‘n sekere vroeë dood.

Een dag met my negatiewe gesindheid en bitter hart oor my situasie deel ek medikasie uit. Ek het by sy bed gekom, hy het soos gewoonlik, met oop gesig en sprankelende glimlag na my gekyk. Ek het na sy hospitaal plakker gekyk en opgelet dat dit sy verjaardag was en die duiwel het op my skouer geklim. Ek het gevra:”Mr Radebe, ek sien dit is jou verjaardag vandag?”, hy het net geglimlag en ek het voortgegaan, “in die maand en ‘n half wat ek hier werk, het ek nog nooit ‘n besoeker by jou gesien nie. Het jy ooit familie of vriende? Gaan iemand darem vandag die moeite doen om jou verjaardag te vier?”..... Dit was 1994, dit was ‘n tyd waar sellulêre kommunikasie nog nie geredelik beskikbaar was nie.

Hy het nog breër geglimlag en gesê: “Sustertjie, hoe dan nou, my familie is ver, hoe moet hulle hier kom?”. Ek was half naar van sy glimlag en vra hom toe:”Mr Radebe, verduidelik vir my, waarom glimlag jy dan so breed?”.....

Sy antwoord het maklik en sonder enige nadenke gekom: ”Ek, sustertjie, is ‘n ‘n kind van die Here.”.....

Op daardie oomblik het ek Jesus se liefde in sy oë gesien. Ek het spontaan terug geglimlag en voortgegaan met my dagtaak.Tot vandag toe weet ek nie wat van Mr Radebe geword het nie, maar ek sal hom nooit ooit vergeet nie, want deur hom het ek God se liefde gesien.

Einde van my storie. Ek het my verpleegraad in die 4 jaar voltooi. Ek was op die studenteraad vir twee jaar, een jaar op die jool/ liefdadigheid portefeulje en een as hoof/ primaria. Ek was op die universiteit en die mediese fakulteit se studente rade, ek het erekleure vir leierskap ontvang van UP. Die Henriëtta Stockdale wisseltrofee vir professionele groei was aan die einde van my derde jaar aan my toegeken.

Aan die einde van my vierde jaar toe ek al my goedjies pak, reg vir wat die lewe daarbuite my gaan bied. Toe val ‘n koevert uit my ou 1983 Bybel, met die woorde: “ONTHOU!!!”. Ek het die koevert oopgemaak en begin lees en na aanleiding van wat ek daar gelees het kan ek vandag met my hele hart getuig. Die Here het elke gebed beantwoord, daar was nie een wat Hy onbeantwoord gelaat het nie.

Ek het skielik besef ons sien nie God se hand altyd raak nie, maar Hy is ons Herder en ons moet net luister na Sy stem soos die Bybel ons belowe. Maak nie saak watter berg geklim moet word nie, daar is een ding waarvan ek seker is. God is by my, hy praat met my, ek moet uitkyk vir liefde (God is liefde) en ek sal Sy stem hoor. ☼

SENDINGNUUS

Bybels

“Ons sluit 2017 af met nog ‘n vrag Byblels!”: vreugdevolle groete van Marinda Cox & Personeel

Keara is al moedeloos, die sakke word net al hoe meer....

Onder ou Beste se leiding het klein Keara die bakkie gelaai om Tshilidzini toe te gaan, want ou Beste sukkel met sy hande en dit is moeilik vir hom om in die bakkie te klim.

Bron: Evangelisasienuus – Desember 2017
Adres: Posbus 531, Ifafi, 0260
Tel/Sel: 012 259 0152/082 574 1340
E-pos: marindacox@mweb.co.za,
Bankbesonderhede:
ABSA
Rekening: 0690 750 252
Takkode: 632005

Baie Dankie

Namens Pastoor Neels van der Westhuizen, leraar van ‘n gemeente aan die Oos-Rand dra ons die gemeente se dankbaarheid oor aan almal wat hierdie skenking van ou en nuwe Afrikaanse Bybels moontlik gemaak het. Die gemeente is klein en met Bybels wat deesdae amper onbekostigbaar is, was dit ‘n welkome geskenk.

Geopende deure

Jou onderstening help Hussein *(skuilnaam)* om Christus se naam te verkondig.

Geopende Deure FRONTline Geloof - Januarie 2018
Posbus 1771, Cresta, 2118
Tel: 011 888 9341
Faks: 011 888 9362
E-pos: southafrica@od.org
Web: www.opendoors.org.za
ABSA
Rekno: 160 340 568
Takkode: 632005

In die Horing van Afrika is daar baie geheime Christene wat slegs kontak met ander Christene het deur die radio of digitale metodes. Dit beteken dat nuwe maniere gevind moet word, nie net om die Evangelie te deel nie, maar ook om nuwe gelowiges op te lei.

Hussein is 'n Christen van die Horing van Afrika wat groot sukses behaal het om Moslems na die Here te lei. Hy het Christus leer ken toe hy op skool was. Na skool het hy begin werk as 'n winkelier, maar hy het gevoel dat die Here hom roep tot die bediening.

"*Die Here het vir my die deur oopgemaak om bedieningsopleiding te ontvang, geborg deur Geopende Deure. Daarna, het ek 'n sendeling onder Moslems geword*," het Hussein gesê.

Oor die jare het hy honderde Moslems na Christus gelei. Maar die risiko’s bly ook alomteenwoordig. Hy is herhaaldelik deur plaaslike Moslems geteiken.

“Op ‘n keer het mense my kos vergiftig en was ek gehospitaliseer. 'n Ander keer het dinge so gevaarlik geraak dat ek vir 21 dae in die wildernis moes bly," het hy gesê. Nadat hy gepreek het en baie Christus aanvaar het, het Moslems hom probeer doodmaak, en die polisie het hom gearrester. Hulle het ook gedreig om hom te vermoor indien hy nie die dorp verlaat nie.

Toe Hussein uit die tronk vrygelaat is, het hy die dorp verlaat, maar aangehou met sy bediening in 'n area wat bekend is vir die vervolging van Christne. Daar het hy ook uitdagings in die gesig gestasr, siende dat sy kerk huiwerig was om agter hom te staan, uit vrees dat die toename in bekeerlinge tot meer aanvalle sal lei.

Maar hy het ook God se beskerming ervaar. "*Een dag het 'n persoon, met wie ek die Evangelie gedeel het vir my vertel: 'Ek het ongeveer R400 as betaling aanvaar om jou dood te maak, maar ek het nie geslaag nie. Ek kan sien dat God met jou is. Ek wil ook vir Jesus volg.”*

Ons is so dankbaar dat met jou ondersteuning Hussein oor die jare kon help. Verlede jaar het ons hom van 'n motorfiets en Bybels op SD-kaarte voorsien, wat noodsaaklik is vir sy bediening.

Hy vertel "*Die motorfiets help my om mense vinniger te bereik… Dit beskerm ook teen aanvalle. [En]* hierdie *Bybels op SD-kaarte… is sendelinge, want hulle bring die boodskap aan families en in dorpies sonder dat ek daar is*."

Hy het verder gesê "*Ek dank God vir die broers en susters* wat *my ondersteun het met opleiding, vervoer, elektroniese Bybels en [hul] teenwoordigheid. God seën julle*!"

Jou ondersteuning stel Christene soos Hussein in staat om dapper te volhard in hulle bedieningswerk in van die gevaarlikste plekke op aarde. Met jou liefde en ondersteuning kan hulle vervolging weerstaan terwyl hulle die naam van Christus verkondig waar geloof die meeste kos! ☼

God praat met my….

Skrywer: Kimre Meintjes

"My skape luister na My stem; Ek ken hulle en hulle volg My" (Johannes 10:27).

As 'n bevoorregte, beskutte 17-jarige het ek besluit om vepleging te gaan studeer, nie omdat ek geroepe gevoel het nie, maar omdat ek nie soos my ousus 'n beurs vir ingeneurswese gaan kry met 7 onderskeidings nie en ook nie soos my ander ousus se sin vir besigheids en praktiese denke vir myself 'n toekoms gaan uitwerk nie. Ek het alles gehad was ek nodig het terwyl ek groot geword het. Liefdevolle ouers, kos op die tafel, klavier en danslesse, enigiets wat 'n bevoorregte kan vra.

Ons was nie welaf nie en terwyl ek matriek geskryf het, het die politieke klimaat begin verander (1992) Ons het nie op vakansie gegaan nie en nooit het my ouers hulleself enige luukshede gegun nie. Hulle het 4 dogters die wêreld ingenooi, die oudste twee het ek reeds genoem, die derde is as gevolg van geboorte komplikasies die keuwe gelaat van bekermde arbeid en toesig. Ek was die jongste.

Na my ouer susters die huis verlaat het, het die voorsienigheid, nog twee kinders die gesin ingenooi. Eintlik was dit 'n saak van Heleen Meintjes wat vir die sosiale werkers gese het: "Ek wil nie regtig nog kinders he nie, maar as julle 'n kind by my los, dan kom julle hom nie weer haal nie." My ma het die wysheid gehad om te besef, 'n kind verstaan nie hoekom hulle van huis tot huis geskuif word nie, sy het dit self as kind beleef en sal nie toelaat dat 'n kind so seergemaak word, as sy dit kan keer nie.

So is ek in matriek, IK-toetse het my gemerk as "bo-gemiddeld intelligent", maar het het net 'n "B"-gemiddeld. My ma het op haar kniee voor my gestaan, dat ek moet besef dat as ek universiteit wil gaan, die onkoste die huishouding onder ongelooflike druk gaan sit. So met hierdie gedagte en 'n bietjie steeksheid, het ek uitgevind van 'n graad in verpleegkunde, waar ek universiteit toe kan gaan in die koshuis kan bly en vir my eie studies kan betaal, met die punte wat ek op daardie stadium gehad het.

Die emosionele onvolwasse dogtertjie van 17, het ingestap by 'n beroep waar jy geroepe moes wees, die feit dat minder as die helfde van ons klaargemaak het is bewys dat verpleging nie vir elkeen is nie. Ons het nie universiteit vakansies en naweke soos die ander studente gehad nie. Ons was verplig om praktiese ure in die hospitaal te werk. As verpleegstudent het mens maar teenspoed opgetel, want die algemene persepsie was dat ons nie "hard genoeg" gewerk het nie, ons het die sindroom, die "Queen-Bee" sindroom genoem, wat beteken het:" Ek het gesukkel om te kom waar ek vandag is, ek gaan dit nie vir jou maklik maak nie".

Die dag wat ek my eerste kadawer gesien het, moes my gewaarsku het, dat ek nie verstaan waarvoor ek myself inlaat. Die dosent het die kop oopgetrek. Ek was geskok, om een af ander rede het ek die idee gehad dat mens nie 'n oorledene se gesig mag sien nie. Ek besef nou ek het die persepsie geërf omdat die akteurs in televisie reekse en rolprente, altyd 'n laken of iets oor die oorledene se gesig trek. My onvolwasse houding het my die keuse laat maak om soveel as moontlik anatomie prakties te vermy. My houding het my akademiese prestasie baie skade gedoen het. Ek het geweet as ek nie anatomie slaag nie, dan herhaal ek my eerste jaar. Ek kom uit 'n huis waar om te druip is groot sonde, dit was ingewerk in my DNA.

Dit was nie net die akademie wat my 'n harde tyd gegee het nie. Die praktyk, alhoewel aan die begin nuut en interessant, het sy tol begin eis. Een dag gedurende observasie rondte druk 'n "staffie" 'n bloeddruk apparaat in my hand. Dis moeilik om aan iemand te verduidelik wat dit nog nie probeer doen het nie, maar om 'n bloeddruk te hoor en in jou eerste jaar staan jou selfversekering in jou vaardigheid nog op wankelrige bene. Ek het die tannie se bloeddruk geneem en niks gehoor nie. My moed het in my skoene gesak en ek het nog 3 keer probeer. Eindelik het ek my kop in mislukking gehang. Die staffie het begin lag en gese: " Miskien is dit omdat die tannie dood is!".

So het my eerste jaar gevorder tot die punt waar ek anatomie gedruip het. Ek was egter nog nie reg vir opgee nie, daarvoor is ek te hardkoppig. Ek het op my kniee gegaan en gebid, het 'n paar vrae en versoeke aan die Here gerig. Ek het hierdie vertwyfelinge en versoeke neergeskryf en in koevert gesit en op die koevert geskryf "ONTHOU!!!", die koevert het ek in my 1983 vertaling Bybel gesit, die een wat ek nie gereeld gebruik het nie.

Nou waar kom ons nou by die Stem van God? Kort na hierdie gebed, besluit die Anatomie departement by die Universiteit van Pretoria, dat alhoewel dit nog nooit voorheen toegelaat was nie, sou hulle hierdie jaar die studente wat onsuksesvol was in die eksamen toelaat om voor die einde van die jaar 'n mondelikse eksamen af te lê. Dit was 'n afgryslike ervaring, maar ek was een van twee wat deurgekom het en ek het die paadjie wat vir my uitgelê was voortgestap.

Vroeg in die nuwe jaar in die onkologie eenheid, het een van die ouer pasiënte begin vertel hoe haar saak met die Here reg was, hoeveel ervaringe sy in haar siekbed gehad het, hoe Hy die pad vir haar voorberei het, het ek aan haar lippe gehang, gesmag na die sekerheid en veiligheid en wete dat my saak met God reg is.

Ek het daar gestaan langs haar bed, uiteindelik besig om te ontspan, gedink oor hoe ons padjie met die Here is uitgelê is. Skielik het 'n jong ma van twee kleuters wat langs haar in die hospitaal was,rustig gevra: "As Tannie nie omgee nie, ek is nog nie reg om oor te gee aan die dood nie, ja ek het kanker, ja ek is besig met chemoterapie behandeling, maar ek verkies om te glo dat kanker kan oorkom word, ek gaan huis toe na my kinders, Tannie is besig om my te ontstel?"

Ek kan nie in woorde probeer beskryf hoe ek op daardie oomblik gevoel het nie. Die volgende dag was ek ingedeel by die isolasie pasiënte, die leukemie (bloedkanker) pasiëntjies was kinders, 5-jarige, 7-jarige en 'n portugese meisie van 18 uit Zimbabwe. Dit was 'n Sondag en genadiglik het ek net 'n skof van 07:00 tot 13:00 gewerk. Die oggend het ek die meisie van 18 bygestaan terwyl sy haarself gewas het en reggemaak het vir die dag. Sy was opgewonde omdat haar hele familie beplan het om die dag by haar deur te bring, hulle kon nie by haar inkom nie, maar sy was in 'n kamer met 'n venster wat uigekyk het op 'n tuintjie en hulle sou daar kom piekniek hou het. Sy het my vertel dat sy die vorige jaar haar matriek in Zimbabwe geslaag het en dat sy graag na 'n Suid Afrikaanse universiteit toe wou kom.

Om 11:30 was daar alarm gemaak, iets is verkeerd by die meisie. Die half-uur wat daaarna afgespeel het, is tot vandag toe nog, soos 'n "slow-motion" rolprent. Haar ouers was reeds saam met haar in die kamer, die opgeleide suster in die eenheid was dadelik by en tot vandag toe nog, weet ek nie hoe die dokter so gou daar was nie, maar almal was om haar bed. Ek het ingehardloop gekom en gehoor dat sy bloedoortapping nodig het, dadelik. Ek het omgevlieg en gehardloop na die bloedbank wat genadiglik in die groot provinsiale hospitaal was waar ek gewerk het, iemand het vooruitgebel en ek het ingehardloop die bloed gegryp en teruggehardloop. Soos 'n stoomroller deur die tuin waar haar hele familie bymekaar was en die petalje deur die hospitaal venster beskou het.

Ek het die bloed vir die suster gegee wat dit dadelik begin intra-veneus toedien het, die dokter het allerhande medikasie begin spuit, wat ek op daardie stadium nog geen sin van kon maak nie. Ek het daar gestaan, daar was 'n oomblik van leegheid, asof almal opgekyk het. Suster het geloop en die gordyne voor die starende familie by die venster toegetrek. Ek het net daar gestaan, die meisie se ma het my op die nek gegryp en begin huil. Ek het haar vir die eerste keer raakgesien en verdwaas en gestaan en kyk na die groot man, haar pa, wat hande vol snees papier gryp en ruk soos hy huil. Sy was 12:00 dood verklaar.

Ek en haar niggie van dieselfde ouderdom het haar liggaam uitgele, reggemaak om na die lyksbesorgers toe te gaan. Die vurige rooikop het teen God begin uitvaar, sy was kwaad, sy het tekere gegaan en vrae in die lug gegooi waarvoor ek geen antwoorde gehad het nie, ek het net saam gehuil, dit was net te veel.

Ek is een uur huis toe, wat nou gemaak met